# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

## OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

## VAN SUIDWES-AFRIKA

**PUBLISHED BY AUTHORITY** UITGAWE OP GESAG

**20c** Thursday 10 May 1979 **WINDHOEK** Donderdag 10 Mei 1979 No. 3953

CONTENTS:

*Page*

**PROCLAMATION:**

No. AG. 20 Rehoboth First Election of a Kaptein Proclamation, 1979 ... 1

# PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 8 May 1979)*

**No. AG. 20** 1979

## PROVISION FOR AN ELECTION OF A KAPTEIN IN REHOBOTH

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General

Windhoek, 9 May 1979

## SCHEDULE

*Definitions*

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

(i) "the Act" means the Rehoboth Self-Government Act, 1976 (Act 56 of 1976); (ii)

INHOUD:

*Bladsy*

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 20 Proklamasie op die Eerste Verkiesing van 'n Kaptein in Rehoboth, 1979 ... 1

# PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 8 Mei 1979)*

No. AG. 20 1979

## VOORSIENING VIR 'N VERKIESING VAN 'N KAPTEIN IN REHOBOTH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal

Windhoek, 9 Mei 1979

## BYLAE

*Woordomskrywings*

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "die regulasies" die regulasies kragtens die Wet gemaak en in die *Staatskoerant* afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2478 van 17 De-

(ii) "the regulations" means the regulations made under the Act and published in the *Government Gazette* by Government Notice R.2478 of 17 December 1976, as amended by Government Notices R.108 of 28 January 1977 and R.1497 of 5 August 1977; (i)

(iii) "first election" means the first election, contemplated in section 10(1) of the Act, of a Kaptein. (iii)

*Nullification of election of Kaptein*

2. The election of a Kaptein which took place in accordance with the provisions of section 2 of the Rehoboth First Elections Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 1 of 1977), is hereby declared null and void and the first election of a Kaptein shall, subject to the provisions of this Proclamation, take place in accordance with the Act and the regulations.

*First election of Kaptein*

3. (1) The written document referred to in section 10(2) of the Act, by which a candidate for the office of Kaptein at the first election is nominated, shall be submitted to the Magistrate of Rehoboth at a nomination court to be held in accordance with the Act and the regulations in the court-room at his office on 18 May 1979 at 10h00.

(2) If more than one candidate is nominated, the first election of a Kaptein shall take place on 25 June 1979 between 07h00 and 21h00 at the places specified in the third column of the Annexure.

*Application of Act and regulations*

4. (1) In the application of the Act and the regulations in respect of the first election of a Kaptein —

(a) the places and times determined by this Proclamation, shall be deemed to have been determined under subsection (1) of section 10 of the Act by the Administrator-General, and as if the proviso to that subsection had been deleted;

(b) the time and place determined by this Proclamation for the nomination of candidates for the office of Kaptein, shall be deemed to have been determined under subsection (2) of that section by the Magistrate of Rehoboth;

(c) the publication of this Proclamation in the *Official Gazette* shall be deemed to be the publication by the Magistrate of Rehoboth of all matters which he is in terms of subsection (6) of that section required to publish.

sember 1976, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings R.108 van 28 Januarie 1977 en R.1497 van 5 Augustus 1977; (ii)

(ii) "die Wet" die Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976 (Wet 56 van 1976); (i)

(iii) "eerste verkiesing" die eerste verkiesing, in artikel 10(1) van die Wet beoog, van 'n Kaptein. (iii)

*Nietigverklaring van verkiesing van Kaptein*

2. Die verkiesing van 'n Kaptein wat ooreenkomstig artikel 2 van die Proklamasie op die Eerste Verkiesings in Rehoboth, 1977 (Proklamasie AG. 1 van 1977), plaasgevind het, word hierby nietig verklaar en die eerste verkiesing van 'n Kaptein vind, behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie, ooreenkomstig die Wet en die regulasies plaas.

*Eerste verkiesing van Kaptein*

3. (1) Die skriftelike stuk in artikel 10(2) van die Wet bedoel, waarby 'n kandidaat vir die Kapteinskap by die eerste verkiesing genomineer word, moet aan die Landdros van Rehoboth verstrek word by 'n nominasiehof wat ooreenkomstig die Wet en die regulasies op 18 Mei 1979 om 10h00 in die hofsaal by sy kantoor gehou moet word.

(2) Indien meer as een kandidaat genomineer word, vind die eerste verkiesing van 'n Kaptein plaas op 25 Junie 1979 tussen 07h00 en 21h00 op die plekke in die derde kolom van die Aanhangsel genoem.

*Toepassing van Wet en regulasies*

4. (1) By die toepassing van die Wet en die regulasies ten opsigte van die eerste verkiesing van 'n Kaptein —

(a) word die plekke en tye wat by hierdie Proklamasie bepaal is, geag kragtens subartikel (1) van artikel 10 van die Wet deur die Administrateur-generaal bepaal te wees, en wel asof die voorbehoudsbepaling by daardie subartikel geskrap was;

(b) word die tyd en plek wat by hierdie Proklamasie vir die nominasie van kandidate vir die Kapteinskap bepaal is, geag kragtens subartikel (2) van daardie artikel deur die Landdros van Rehoboth bepaal te wees;

(c) word die afkondiging van hierdie Proklamasie in die *Offisiële Koerant* geag die afkondiging deur die Landdros van Rehoboth te wees van alle aangeleenthede wat hy ingevolge subartikel (6) van daardie artikel moet afkondig.

(2) This Proclamation shall have force and effect notwithstanding anything contained in the Act.

(2) Hierdie Proklamasie is van krag ondanks enigiets in die Wet vervat.

*Short title*

*Kort titel*

5. This Proclamation shall be called the Rehoboth First Election of a Kaptein Proclamation, 1979.

5. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Eerste Verkiesing van 'n Kaptein in Rehoboth, 1979.

AANHANGSEL/ANNEXURE

| Naam van kiesafdeling/ Name of electoral division | Nommer van stemdistrik/Number of polling district | Ligging van stemburo/ Situation of polling station |
|---|---|---|
| Klein Aub | 1 | Buitegeboue, plaas Marienhof/Outbuildings, farm Marienhof |
| | 2 | Ontspanningsaal, Klein Aub/Recreation Hall, Klein Aub |
| | — | Munisipale Saal, Narraville/Municipal Hall, Narraville |
| | — | Primêre Skool, Tamariskia/Primary School, Tamariskia |
| Karanas | 3 | Skool, Groendraai/School, Groendraai |
| | 4 | Skool, Karanas/School, Karanas |
| | 5 | Skool, Rietoog/School, Rietoog |
| Schlip | 6 | Skool, Schlip/School, Schlip |
| | 7 | Skool, Duineveld/School, Duineveld |
| | 8 | Baster Skool, Tsumispark/Baster School, Tsumis Park |
| Schaaprivier | 9 | Skool, Eselmaanhaar/School, Eselmaanhaar |
| | 10 | Skool, Bloukrans/School, Bloukrans |
| | 11 | Baster Skool, Groot Aub, en Skool, Kanobib/Baster School, Groot Aub, and School, Kanobib |
| | 12 | Winkel, Duruchaus/Store, Duruchaus |
| | — | Kantore van die Gekose Kleurlingraad van Suidwes-Afrika, Khomasdal/Offices of the Elected Coloured Council of South West Africa, Khomasdal |
| Rehoboth | 13 | Hofsaal, Landdroskantoor, Rehoboth/Court-room, Magistrate's Office, Rehoboth |
| Rehoboth Suid | 14 | Gedenksaal, Rehoboth/Memorial Hall, Rehoboth |

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika.